

## HET GOD MENS GEWORD ?

### 'n Inleidende dogmatiese besinning oor 'n aspek van die Inkarnasie

#### 1. Inleiding

Dit mag miskien verrassend klink om hierdie vraag ter sprake te bring en dit sal ook nie verbasend wees indien iemand sy wenkbroue lig by die hoor van hierdie *problematiek* nie. Trouens, sedert Anselmus sy beroemde *Cur deus homo* die lig laat sien het en sedert Karl Barth hierdie uitdrukking tallose male gebruik het,<sup>1</sup> het dit gemeengoed geword in die teologiese en selfs kerklike wêreld om te praat van „God wat mens geword het”.<sup>2</sup>

Hierdie uitdrukking is dan ook te vind by talle vermaarde teoloë soos o.a. H. Bavinck,<sup>3</sup> G. C. van Niftrik,<sup>4</sup> O. Noordmans en A. A. van Ruler. Noordmans sê byvoorbeeld: „God is mens geworden. God komt niet in ons leven om verheerlykt te worden, maar om vernietigd en vernederd te worden”.<sup>5</sup> En al spreek Van Ruler van 'n „noodmaatregel” in verband met die verlossingswerk van Jesus Christus<sup>6</sup> en van die inkarnasie as 'n „intermezzo”,<sup>7</sup> kan hy ook die volgende verregaande uitspraak maak: „Men kan wel zeggen: „God is, in Jezus Christus, mens geworden, opdat wij mensen God, vergoddelijkt, als God kunnen worden”.<sup>8</sup>

Hierdie woordkeuse tref ons in talle geskrifte aan<sup>9</sup> en dit kom ook in Suid-Afrikaanse konteks dikwels voor, o.a. in die geskrifte van J. A. Heyns,<sup>10</sup> A. König<sup>11</sup> en Murray Janson.<sup>12</sup>

Laat ek onmiddellik sê dat die uitdrukking „God het mens geword” vir my problematies is en ek wil graag die saak vanuit 'n aantal invalspoorte nader toelig.

#### 2. Probleempunte

##### 2.1. 'n Logiese probleem

Die heel eerste probleem wat m.i. in die segswyse „God het mens geword” na vore kom, is 'n logiese probleem. Natuurlik moet ons bedag wees vir die dwaasheid om konsekvensies te forseer (Jes. 42 : 3), maar dit sou tog sekerlik nie oordrewe wees nie as beweer word dat indien ons i.v.m. die inkarnasie beweer dat „God mens geword het”, dit logies beteken dat ons alles wat met Jesus Christus gebeur het ook moet beskryf in terme asof dit met God gebeur het. Ons moet dan ook praat van 'n lydende God, of, soos Moltmann, van die „gekruisigde God”.<sup>13</sup> Ons moet dan selfs bereid wees om die uiters gedurfde en gewaagde — en hoogs aanvegbare — formulering aan te durf dat „God gesterwe het”, soos inderdaad gedoen is deur Tertullianus,<sup>14</sup> Luther,<sup>15</sup> Bonhoeffer<sup>16</sup> en Karl Barth.<sup>17</sup>

Dat ons hiermee in die buurt kom van wat Nietzsche beweer het<sup>18</sup> of selfs naby die God-is-dood-teologie<sup>19</sup> wil ek nie graag beweer nie. Hierdie segswyse bevat egter soveel gevreesaspekte dat dit maklik kan uitloop op wat Altizer sê dat God in die vleeswording

van Jesus gesterf het, Homself vernietig het en sy eintlike bestaanswyse prysgegee het.<sup>20</sup>

Natuurlik vind ons in die Bybel iets van 'n „lydende God” (Jes. 63 : 9), dus iets van 'n teopositisme, en daar word selfs gesprok van die „dood van die Here” (1 Kor. 11 : 26), maar dan is die bedoeling terminologies duidelik. Ons lees nêrens van die kruisiging of dood van Gôd nie: dit is terme wat alles op Jesus Christus, Seun van God, van toepassing gemaak word.

Ongetwyfeld wil ons nie hiermee die Godheid van Jesus Christus ontken nie (vgl. o.a. Joh. 20 : 28, Tit. 2 : 13, 1 Joh. 5 : 20),<sup>21</sup> maar ons wil pleit vir terminologiese presiesheid en ons wil waarsku teen die gedagte dat God volledig sou opgaan in Jesus, dat die Vader nie „groter” as Jesus sou wees nie (Joh. 14 : 28);<sup>22</sup> dat ons met 'n beroep op Joh. 14 : 9 sou moet sê dat „we cannot go behind the back of Christ to find God”,<sup>23</sup> aangesien Jesus Self ons van Hôm wegwijs na die Vader toe (Joh. 12 : 44) en aangesien die Bybel baie duidelik sê dat ons „geloof en hoop op Gôd (die Vader) moet wees” (1 Petr. 1 : 21).

## 2.2. 'n Bibliologiese probleem

Die opvallende is natuurlik dat die Bybel self ons nie voorgaan met die gebruik van die uitdrukking „God het mens geword” nie. Dât ons in Christus met God te doen het en dat God in Christus na die wêreld gekom het, is sekerlik 'n vasstaande feit.

Gewoonlik word hierdie gedagte in die Skrif in nogal omhulde en nie-transparante sinne vermeld, byvoorbeeld dat Christus die „beeld” is van God (2 Kor. 4 : 4), of die „beeld van die onsielike God” (Kol. 1 : 15); dat in Hom „al die volheid van die Godheid liggaamlik woon” (Kol. 2 : 9); dat Hy „die afskynsel is van sy (God se) heerlikheid en die afdruksel van sy (God se) wese” (Hebr. 1 : 3); „God is geopenbaar in die vlees” (1 Tim. 3 : 16); Jesus Christus, wat in die gestalte van God was, het Homself onledig deur 'n gestalte van 'n dienskneg aan te neem (Filip. 2 : 6—7).

Maar nêrens vind ons die lynregte konklusie dat God mens geword het nie. Die naaste wat die Skrif daaraan kom, is die omsigtige uitspraak in Joh. 1 : 14: „Die Woord — wat God was — het vlees geword”. Hiermee, as nagenoeg die enigste teks, het ons myns insiens, gesien binne die konteks van al die Johanneiese geskrifte, veral sy briewe, nog nie 'n vrypas tot die gebruik van die uitdrukking „God het mens geword” nie.<sup>24</sup> Daarvoor is hy te eksplisiet dat dit die *Seun van God* is, dat dit *Jesus Christus* is wat in die vlees gekom het (2 Joh. 1 : 7).

Natuurlik kan gesê word dat die blote feit dat 'n woord of woorde nie so uitdruklik in die Bybel voorkom, geen argument kan wees waarom hulle nie tog bruikbaar sou kon wees nie — die gevare van Biblisisme. Die belydenis aangaande die Triniteit en woorde soos „Voorsienigheid” en „sakramente” kom ook nie so verbaal in die Skrif voor nie en tog word dit in ons Belydenis gebruik. Hierdie argument is geldig solank as die gebruikte woorde inhoudelik duidelik en verantwoord is en nie vir misverstand of selfs vir dwaling

vatbaar is nie.

It is dan ook opvallend dat die woorde „God het mens geword” nie in ekumeniese en reformatoriiese Belydenisskrifte voorkom nie. In die *Apostolicum* ontbreek dit geheel en al; in *Nicea* staan dat Jesus Christus, Seun van God, „mens geword het”; en in die *Athanasianum* word gesproke van die „menswording” van onse Here Jesus Christus. Die Nederlandse Geloofsbelijdenis art. 18 bely dat die „eniggebore en ewige Seun” „'n ware menslike natuur” aangeneem het, terwyl art. 18 as opskrif het: „Oor die menswording van Jesus Christus”. In die Heidelbergse Kategismus, Sondag 14 staan dat „die ewige Seun van God, wat waaragtige en ewige God is en bly — vgl. die extra Calvinisticum —, 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem het”. In die Dordtse Leerreëls kom die saak nie so eksplisiet na vore nie.

### 2.3. 'n Teologiese probleem

Indien ons hier nie terminologies suiwer dink nie, beland ons in allerlei dogmatiese probleme, veral rondom die triniteitsdogma, waarvan die oplossing moeilik te vind is.

Die uitdrukking „God het mens geword” is te ongenuanseerd en simplisties om heeltemal met vrug aangewend te word. Word hiermee bedoel dat ook die Vader (of die Gees) vleesgeword het, want beide heet ook „God”? Teologies is dit onmoontlik. Ons kan ook nie sê nie: 'n deel van God het mens geword; ook dit is teologies absurd. Waarom hou ons dan nie by die Bybelse en konfessionele uitdrukking dat die *Seun van God*, dat *Jesus Christus* mens geword het nie?

Dit verbaas ons dan ook nie dat talle dogmatiese dwalinge op hierdie terrein telkens na vore kom.

Byvoorbeeld die dwaling van die *patrussianisme* — Praxeas en Sabellius, maar ook reeds by Tertullianus —, dat die Vader aan die kruis gely het. Hier word die verhouding van die Vader tot die Seun skeefgetrek. Ek het bv. min of meer die volgende gebed al oor die radio gehoor: „Ons prys U, Vader, ter wille van U goedheid. Ons dank U vir alles wat U aan ons doen en ons skenk. Ons dank U dat U na hierdie aarde gekom het, gely het en aan die kruis vir ons sondes gesterf het...” Hier word op onbedagsame en onhoudbare wyse 'n oorgang gemaak van God die Vader na Jesus Christus waarby beide geïdentifiseer word en die duidelike Bybelse spreekwyse verdoof.

Nog 'n dwaling op hierdie gebied is die *monofisitisme*, te vinde reeds by Eutyches. Hier word die verhouding tussen die twee nature van die Seun skeefgetrek. 'n Vermenging van die twee nature vind plaas sodat ons by Jesus Christus net een god-menslike natuur vind, direk teenoor gesteld aan die radikale skeiding van Nestorius. (Beide dwalinge is veroordeel te Chalcedon 541 met sy bekende: onvermengd, onveranderd; ongedeeld, ongeskeie). In die monofisitisme vind 'n vergoddeliking plaas van die menslike natuur van die Seun van God sodat daar van sy ware mensheid omtrent niets oorblê nie. Cullmann is van mening dat die gemiddelde Rooms-Katolieke mono-

fisisisties dink ofskoon die Rooms-Katolieke Kerk hierdie dwaling verwerp het. „Jesus en God word dikwels nie meer onderskei nie, selfs in die terminologie”.<sup>25</sup>

Nog 'n pregnante voorbeeld hiervan vind ons in die skrywe van ds. W. C. Malan in *Die Kerkbode* van 5 Nov. 1975 waar hy nie wil weet van 'n nie-alwetendheid by Jesus Christus nie.<sup>26</sup> Hier bly haas nikks meer oor van die ware menslike natuur van die Middelaar nie.

### 3. Reaksie

Dit verbaas nie dat daar — telkens weer — in die kerk- en teologiegeschiedenis 'n reaksie gekom het teen onjuiste gesigspunte rondom die besproke vraag nie.

Reeds in die dertiende-veertiende eeu vind ons by Duns Scotus 'n reaksie teen die uitdrukking „God het mens geword”. Hy vind dit nie 'n suiwerre stelling nie.<sup>27</sup>

Boeiend is ook die soberre wyse waarop Calvyn in sy *Institusie* oor die vleeswording skryf.<sup>28</sup> In verband met Jesus Christus sê hy dat as Hy „alleen God was, kon Hy die dood nie ondergaan nie”.<sup>29</sup>

In die jongste tyd het H. Berkhof in sy *Christelijk Geloof* — 'n baie prikkelende boek wat ook baie kritisies gelees moet word — die vraag gestel: „Kunnen wij dan echter nog spreken van de menswording van God? Deze uitdrukking is echter niet aan het NT ontleend”.<sup>30</sup> Positief geformuleer: „God verdringt niet de menselijke persoon van Jezus, maar doordringt haar met zijn Geest krachtens de volkommen bondgenootschappelike verhouding”.<sup>31</sup>

Opvallend is ook die opmerking van A. König in sy jongste boek. Hy noem dat hy in sy proefskrif bepaalde sake „ondeurdag” aanvaar het, o.a. Barth se nadruk daarop dat Jesus nie net God is nie, maar dat God Jesus is. Hierdie Barthiaanse Christomonisme vind hy tans meer problematies as hy sê: „Alhoewel ek ook tans nog hierdie laaste stelling (God is Jesus) goed Bybels kan interpreteer, huiwer ek om dit langer so ongeïnterpreteerd te aankaar”.<sup>32</sup>

### 4. Slotopmerkings

- 4.1. Dit is belangrik om die „tweepoligheid” van God die Vader en Jesus Christus die Seun goed te onderskei en om nie die Godheid van Jesus sodanig te oorspan dat God volkome in Hom opgaan sodat daar nikks van die Vader oorbly nie. Ons mag ook nie mensheid van Jesus vergoddelik nie — dit is 'n apoteose.
- 4.2. Dit is die veiligste en sinvolste om in hierdie verband so na as moontlik te bly aan die Bybelse terminologie, vgl. slegs 2 Kor. 13 : 13.
- 4.3. Die uitdrukking „God het mens geword” is te ongenuanseerd om sinvol aangewend te word. Dit sou, logies, ook kon beteken dat die Vader of die Heilige Gees mens geword het, wat onsinningig is.
- 4.4. Die uitdrukking herinner te sterk aan die Griekse mitologie waar gode soms in mensgestalte op aarde verskyn het.<sup>33</sup>

(Voordrag gelewer voor die GTV Boland, 30 Augustus 1976)

---

- 1 Vgl. o.a. Karl Barth: *Dogmatics in Outline*, London 1960 (7), 52, 53, 68, 69, 104. Vgl. 84: „This Jesus of Nazareth,... this man is the Jehovah of the Old Testament, is the Creator, is God Himself”. Sien ook sy *Die Kirchliche Dogmatik I, 2*, Zürich 1960 (5), 134 v.
- 2 Vgl. *Een kind is ons geboren. Kerstpreken uit de vierde tot de twintigste eeuw*, (H. J. Schultz, red.), Baarn 1966, 8, 10, 138.
- 3 Vgl. R. H. Bremmer: *Herman Bavinck als dogmatikus*, Kampen 1961, 250 (m.v.n. Bavinck se GD III; sien GD II, 29: 193. Vgl. ook G. Toornvliet in: *Het Dogma der Kerk*, Groningen 1949, 321; G. C. Berkouwer: *Het werk van Christus*, Kampen 1953, 93—143 en sy *Een halve eeuw theologie. Motieven en stromingen van 1920 tot heden*, Kampen 1974, hfst. VIII.
- 4 G. C. van Niftrik: *Kleine Dogmatiek*, Nijkerk 1961 (5), 137.
- 5 O. Noordmans: *Herschepping*, Amsterdam 1956 (2), 136. Op 124 lui dit: „In Christus heeft God sich vernietigt en vernederd. Naar zijn mensheid heeft Hij geleden, is gestorven...”
- 6 A. A. van Ruler: *Theologisch Werk I*, Nijkerk 1969, 156.
- 7 A. A. van Ruler: *Theologisch Werk VI*, Nijkerk 1973, 26.
- 8 Idem, 27. Vgl. sy *Laat heel de aard' een loflied wezen*, Nijkerk 1973, 92: „Dit is juist het God-zijn van God, dat Hij ook mens kan zijn, dat Hij ook op de aarde, in het vlees kan zijn...”
- 9 Vgl. o.a. Heinrich Ott: *Die Antwort des Glaubens. Systematische Theologie in 50 Artikeln*, Berlyn 1973 (2), 249; D. Bonhoeffer: *Navolging*, Amsterdam 1968 (3), 15; Hans Küng: *Menschenwerding Gottes*, Freiburg 1970; *The Lions Handbook to the Bible*, David & Pat Alexander (ed.), Herts 1973, 472; M. P. van Dijk in: *Gereformeerd Weekblad*, 16 April 1976, 270.
- 10 J. A. Heyns: *Die Evangelie in krisis*, Tafelberg 1966, 136.
- 11 Adrio König: *Hier is Ek! Gelowig nagedink oor God*, Pretoria 1975, 107, 109, 146. In sy andersins helder boek, *Een wat sterker is*, Pretoria 1971, loop sy Godsbegrip m.i. deurmekaar, 120—122.
- 12 O.a. in *Man uit Us*, Kaapstad/Pretoria 1970 (4), 46. Aldrie bg. skrywers het hulle intens besig gehou met die teologie van Karl Barth.
- 13 Jürgen Moltmann: *De Gekruisigde God*, Bilthoven 1972. Vgl. ook Tertullianus by: Reinhold Seeberg: *Textbook of the History of Doctrines*, I, Michigan 1964 (6), 127. Sien ook J. J. F. Durand: *Kruisteologie en die Lydende God*, Bellville 1974 en sy *Die lewende God. Wegwyzers in die Dogmatiek*, Pretoria 1976, 92—101; en J. A. Heyns: *Teologie van die Rewolusie*, Tafelberg 1975, 59—64.
- 14 Vgl. Seeberg: a.w., I, 127 (vgl. 254, 263).
- 15 Vgl. Seeberg: a.w., II, 324. Vir die konteks, vgl. J. J. F. Durand: *Kruisteologie en die Lydende God*, a.w. (veral 17 v.).
- 16 Vgl. Bonhoeffer Brevier, Baarn 1970 (2), 313. Ook sy: *Wie is en wie was Jezus Christus*, Roermond en Maaseik 1967, 116, 120 (en 119: „Strikt genomen is het eigenlijk niet juist, van de menswording te spreken”!). Sien ook G. Th. Rothuizen: *Aristocratisch Christendom. Over Dietrich Bonhoeffer*, Kampen 1969, 313—315.
- 17 Barth: *Dogmatics in Outline*, a.w., 39, 40. Vgl. die kritiek van G. C. Berkouwer op Barth: König: *Hier is Ek!*, a.w., 118—119 (m.v.n.: *De Triomf der*

- Genade in de Theologie van Karl Barth*, Kampen 1954, 294—307.
- 18 Vir 'n goeie kontekstuele verklaring van hierdie God-is-dood-woorde van Nietzsche, vgl. W. P. Esterhuyse: *Filosof met 'n Hamer. Friedrich Wilhelm Nietzsche*, Kaapstad 1975, 23—28.
- 19 Vgl. Thomas J. J. Altizer en William Hamilton: *Radicale Theologie en de Dood van God*, Utrecht 1966.
- 20 Vgl. J. J. F. Durand: *Die Lewende God. Wegwysers in die Dogmatiek*, a.w. 114.
- 21 Vgl. Oscar Cullmann: *The Christology of the New Testament*, London 1959, 306—314.
- 22 Vgl. Leon Morris: *The Gospel according to John*, Michigan 1973 (2), 658: „The reference, however, is not to Christ's essential Being, but rather to His incarnate state. The incarnation involved the acceptance of a certain subordination as is insisted throughout the New Testament”. Vgl. ook K. Schilder: *Christus in zijn Lijden III. Overwegingen van het Lijdens-evangelie*, Kampen 1952 (2), 386 en sy *Preken III*, Goes 1955, 283.
- 23 Thomas F. Torrance: *The School of Faith. The Catechisms of the Reformed Church*, London 1959, ixiii.
- 24 Vgl. Leon Morris: a.w., 102—107.
- 25 Oscar Cullman: *The Christologie of the New Testament*, a.w., 306—307. 'n Rooms-Katolieke teoloog, P. Gaechter, het Cullmann beskuldig van die modalistiese dwaling van Sabellius, vgl. G. C. Berkouwer: *De Heilige Schrift II*, Kampen 1967, 272.
- 26 Vgl. *Die Kerkbode*, 5 Nov. 1975, 613. Sien ook *Die Kerkbode*, 1 Okt. 1975, 453.
- 27 Vgl. Seeberg, a.w., II, 155.
- 28 Johannes Calvijn: *Institutie of Onderwijsing in de Christelijke Godsdienst*, Delft 1956 (3), II, 12—14.
- 29 Idem, II, 12, 3.
- 30 H. Berkhof: *Christelijk Geloof. Een inleiding tot de geloofsleer*, Nijkerk 1973, 305.
- 31 Idem, 302. Eweneens in: *Kerk en Theologie*, jg. 26, no. 4, Okt. 1975, 321. Vgl. egter sy: *De Leer van de Heilige Geest*, Nijkerk 1965, 129: „Jezus Christus is niet een persoon naast de persoon van God; in hem krijgt de persoon van God de gestalte van een menselike persoon”.
- 32 A. König: *Hier is Ek!*, a.w. 258 (vgl. 108).
- 33 Sien Schalk Duvenage: *Die Dekor van die Nuwe Testament. 'n Kultuur-historiese studie*, Potchefstroom 1976, 118.